

Skriflesing: Ps 127

Fokusgedeelte: Ps 127:1, 2

Net wat die Here seën, het blywende waarde

Inleiding

Waarvan gee jy die meeste aandag? Waarvoor doen jy die meeste? Is jy seker van die Here se seën op dit waarvan jy die meeste aandag gee en die meeste doen?

Baie antwoord: ons huishouding draai rondom ons kinders – hulle toerusting vir die akademie, sport en naskoolse studie. Dit vereis dat ons baie hard moet werk. Ons probeer ook nog om ons woonplekke te beveilig sodat die misdaadgolf ons nie verswelg.

Opmerklik: ons fokusgedeelte handel oor ons bouprojekte, veiligheid en harde werk. Elke keer is die uitspraak: dit is tevergeefs – as die Here se seën nie daarop rus nie. Die boodskap van ons fokusverse is: **Net wat die Here seën, het blywende waarde**. Dit word toegepas op: (1) die bou van 'n huis; (2) Beveiliging en (3) ons harde werk

Dit word **in drie opsigte gekonkretiseer:**

Bou van die huis

As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs (Ps 127:1a). Elke gesin het 'n huis nodig. Die een het 'n paleis nodig waarvan 'n skare kontrakteurs help bou. Die ander moet 'n plakkershut uit afvalmateriaal saamflans, met die hele verskeidenheid tussenin. Jy kan aan jou huis werk soos jy wil, as die Here nie die eintlike Boumeester is nie, as Hy nie dit wat jy doen seën nie, is jou werk tevergeefs. As die Here Hom onttrek aan jou bouproses, help die moeitevolle en harde werk van jou kant af niks nie.

Anders as in die Afrikaanse vertalings het die grondtaal nie 'n lidwoord, *die*, voor die woord *huis* nie. Daar is nie sprake van *die huis* nie, maar bloot van *huis*. Daaruit kan ons aflei dat ons fokusvers nie net praat van 'n woonhuis, hetsy 'n paleis, 'n plakkershut of wat anders ook al nie. Hier is sprake van **enige huis**.

Opvallend is die feit dat **Salomo** juis die woonplek van God onder die mense, die **tempel** in Jerusalem gebou het. As die Here se seën nie op die bou van die tempel gerus het nie, sou Salomo se pogings op niks uitgeloop het nie.

Trouens, dit was Salomo se vader, Dawid, se hartsbegeerte om 'n tempel vir die Here te bou. Weens die bloed wat aan sy hande gekleef het as gevolg van die vele oorloë wat hy gevoer en bloed wat hy daarin laat vloei het, het die Here Dawid verbied om 'n tempel vir Hom te bou (2 Kron 22:8). Dawid was die Here gehoorsaam. Hoe graag hy ook al wou, hy

het die bou van die tempel van die Here aan sy seun, Salomo, die digter van hierdie Psalm, oorgelaat.

As gemeente van die Here is ons die tempel van God en die Heilige Gees woon in ons (1 Kor 4:16). Wie beoog om die kerk van die Here uit te bou of op te bou, moet weet, ook dit is 'n taak wat 'n mens nie op jou eie, sonder die Here se seën, kan aanpak nie. As gemeente moet ons ook in biddende afhanklikheid opkyk na die Here wat hierdie taak self deur sy Gees sal verrig.

Ek en jy bou ook ander huise – ons huisgesin; ons loopbaan, die onderwysende opvoeding van ons kinders, ons kultuurlewe, die opbou van ons land en sy mense, ja, letterlik alles wat ons aanpak, is afhanklik van die Here se seën. Enige opbouing is tot mislukking gedoem as die Here nie die groot Boumeester daarvan is nie.

Sonder die HERE is alles tevergeefs! As Hy nie betrokke is by wat ek doen nie, as dit nie in die eerste plek doen wat Hy wil nie, word die eintlike werk nie gedoen nie. Dan is my pogings tevergeefs: waardeloos, sleg, of sondig.

Beveiliging

As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs (Ps 127:1b). Destyds was daar 'n muur om elke stad gebou en die poorte in daardie muur is baie goed beveilig en bewaak. Hulle moes ten alle koste die vyand buite die stadsmuur hou.

Benewens die bou van die tempel, was Salomo se groot lewenstaak ook om die stad Jerusalem te beveilig. Al was hy self so intens betrokke by die beveiliging van die stad was hy ook ten opsigte daarvan oortuig dat dit wat hy beoog het en besig was om uit te voer, sinloos en nutteloos sou wees as die Here nie self die stad bewaak het nie. Die sleutel tot blywende veiligheid vir die stad was dat die Here sy bewarende hand daarvoor hou. Sou die Here ophou bewaar, sou stad nie behoue bly nie.

Soos in die geval van die huis, ontbreek die lidwoord ook ten opsigte van *stad*. Ons sou dus kon dink aan **enige woonplek** wat 'n mens probeer beveilig. So rig mense veiligheidsheininge op rondom hul plaas, kompleks, of woonbuurt. Hulle beheer die toegang deur middel van valbome en veiligheidshekke. Tog dring misdaad selfs daardie veilige areas binne. Mev Marike de Klerk, sowel as Reeva Steenkamp is in veiligheidskomplekse vermoor.

Ons beveilig onself, ons geliefdes en ons goed met sekuriteitsdeure, hoë omheininge, alarmstelsels met gewapende rugsteun en satelliet opsporingstelsels in ons voertuie. Dit alles of baie daarvan is goed en selfs noodsaaklik. Tog ontdek 'n mens baie gou in 'n

natuurramp 'n aardbewing, sinkgat, oorstroming, of ontploffing jou in alle geval weerloos laat.

Die Here is persoonlik in beheer van alle dinge en ook elke mens. As die Here nie die natuurramp, die dief, kaper; of moordenaar van jou af weghou nie, is jy uitgelewer.

Ons moet natuurlik ons eie veiligheidsmaatreëls in plek hê – maar dan altyd in die besef van ons voortdurende afhanklikheid van sy Goddelike bewaring. Die Here alleen kan werklik ons en ons eiendom beskerm.

Ons harde werk

Te vergeefs dat julle vroeg opstaan en laat gaan slaap om met moeite 'n bestaan te maak. Vir dié wat Hy liefhet, gee die Here dit in hulle slaap (Ps 127:2). Natuurlik moet 'n mens hard werk om stygende lewenskoste die hoof te kan bied. Tog mag ons nooit die bede van die Ons Vader vergeet nie: *Ons Vader wat in die hemel is ... gee ons vandag ons daaglikse brood* – daarmee bid ek en jy vir al die basiese goed wat ons vir vandag na die liggaam nodig het om te kan oorleef. Ons moet ook onthou hoe sorgvuldig die Here manna vir elke gesin in die woestyn voorsien het. Party het baie opgetel en ander weer min. Toe *het dié met baie nie te veel nie, en dié met 'n bietjie nie te min gehad nie. Hulle het volgens elkeen se behoefte bymekaargemaak (Eks 16:18).*

Elke mens moet sekerlik ambisieuse mikpunte hê. Ons is egter partykeer so ambisieus dat ons soos slawe van ons eie ambisie werk om vooruit te kom. Ons vergeet dat dit die Here is wat vir ons sorg.

Ek en jy moet met Hom leef en op sy sorg vertrou. Vir dié wat Hy liefhet, gee Hy die voorspoed. Sy seën laat jou selfs dinge ontvang asof dit in jou slaap gebeur – selfs wanneer jy niks kan verdien nie. Dit geld vir wie Hy liefhet, hulle wat Hom met volle oorgawe dien (vgl. Ps 60: 6, 7). Dit is hulle wat elke dag teenoor die HERE persoonlik hulle erkentlikheid betuig vir hulle lewe en alles wat hulle het.

Is dit realisties? Ons weet die Here het in sy groot genade sy Seun gegee om ons, sondaars wat dit nie verdien nie, te verlos. Saam met sy Seun skenk Hy ons alles in genade. Deur sy Gees bewerk Hy in genade die geloof wat Hy van ons vra. Sy Gees lei ons om in die geloof te bly leef. Die Here se genade is vir sondaars genoeg – in alle opsigte!

Ook uit 'n ander hoek bied die Nuwe Testament vir ons perspektief. Die apostel Paulus het, soos ons, voorspoed en teenspoed beleef. Sy slotsom was: *Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee (Fil 4:13).* Ons kan glo dat die krag van Christus ook vir ons genoeg is om te kan bou, bewaar en werk.

Slot

Waarvan gee jy die meeste aandag? Waarvoor doen jy die meeste? Is jy seker van die Here se seën op dit waarvan jy die meeste aandag gee en die meeste doen?

Ons huishouding draai rondom ons kinders. Dit vereis dat ons baie hard moet werk. Ons probeer hard om ons woonplekke te beveilig.

Opmerklik: ons fokusgedeelte handel oor ons bouprojekte, veiligheid en harde werk. Elke keer is die uitspraak: dit wat ons doen, is tevergeefs – as die Here se seën nie daarop rus nie. **Net wat die Here seën, het blywende waarde.**

AMEN

Bespreking